

KOM ONS GAAN JAAG IN DIE NOORDE!

Wanneer die wintermaande op die Kaap neersak, maak **die Kleinhans** hulleself skaars en migreer saam met die swaeltjies na die warmer noorde! Dit is grootliks te danke aan die stiller marathonkalender in SA wat dit moontlik maak en dus die geleentheid gee vir ander wedren-uitdagings in Europa.

Die Alpe is die tuiste van die meeste wedrenne tot ons beskikking en dit speel in die hande van Ariane, 'n regte Switserse bergbok, maar vir 'n Afrikanerboerseun is al die lang en styl berge nog redelik intimiderend! Maar dit is hoekom ons hier is, die Ischgl Ironbike, Eiger Bike Challenge, Grand Raid en National Park Marathon leer my om te klim en gee die geleentheid vir Ariane om losgelaat te word in haar natuurlike habitat!

Die wedrenne verskil baie van die in SA. Ons is so bevoorreg in die suide met opwindende roetes wat duidelik uitgelê is vir pure bergfiets rygenot! Terwyl in die Alpe is die uitsig en dorpies vir ons Saffas baie spesiaal, maar die roetes bestaan uit baie teer- en grond-paaie, meestal op die lang klimme en selfs ook baie onromanties terug na die valleie, en indien daar wel enkelpaadjies is, is dit oor die algemeen baie tegniese wandelpaadjies, waar ons pragtige paadjies in SA spesifiek gemaak is vir bergfiets en volop te vinde is in elke wedren.

Die lang styl klimme en die super tegniese paadjies is natuurlik ook nie 'n slegte ding nie, dit gee ons die geleentheid om iets anders te ervaar en hopelik ook ons fietsryvaardighede as 'n geheel te verbeter.

Ischgl (79km met 3800m se klim) is in Oostenryk en 'n baie bekende ski-dorpie, nie ver buite die Switserse grens nie en vervul die rol van my eerste wedren terug na amper drie maande af weens my besering. Vir Ariane was dit ook

'n terugkoms na 'n middelseisoen blaaskans en ek dink dit was die eerste keer waar sy amper meer as ek gesukkel het in die berge! Twee groot klimme oorheers die dag, die tweede klim amper 'n uur waar mens skaars jou ligste rat kan draai. Ek was bly met my 9de plek en Ariane se 4de was 'n goeie begin.

Twee weke later het ons dit opgevolg met die Eiger Bike (88km met 3900m se klim) wat ook die Switserse Marathonkampioenskappe was. Die wedren begin in Grindelwald, 'n ongelooflike mooi area, maar verder het die wedren vir my niks meer spesiaal nie, die enkelpaadjies is als behalwe pret in die meeste afdraandes is gevaarlik vinnig en op oop paaie. Nog 'n 9de plek vir my, terwyl Ariane gehoop het om haar Nasionale titel te verdedig, was Esther Suess net te sterk, en sy sal maar moet wag tot volgende jaar om dit terug te verdien!

Die Grand Raid (125km met 5025m se klim) is deel van die Internasionale UCI-reeks en ons gunsteling! Dit is in die warmer

“Die Pas de Lona is die groot uitdaging, die laaste klim tot 'n hoogte van 2800 meter is nie speletjies nie.”

Die National Park Marathon wedren gaan reg rondom 'n nasionale park.

MARTIN PLATTER



Valais-area tussen van die hoogste en mees spesiale berge in die Alpe. Dit laat my dink aan Attakwas, en begin in die weste van die vallei en jy klim berg na berg na die ooste. Die *Pas de Lona* is die groot uitdaging, die laaste klim tot 'n hoogte van 2800 meter is nie speletjies nie, veral met die laaste kilometer onrybaar styl en dit neem so 20 minute se stap-en-stoot! Met my 15de in 6h40 en vir Ariane 'n groot wen in 7h50 maak dit 'n vol dag van fietsry!

Vir ons laaste wedren in die Alpe moes ons reis na die ooste van Switzerland vir die National Park Marathon (138km met 4010m se klim). Die wedren gaan reg rondom die Park en is baie meer in lyn met die in SA! Behalwe die ongelooflike steil Chashauna-pas in die middel van die wedren met 'n 20% gemiddelde gradiënt vir meer as 3 kilometer, is dit 'n redelik vinnige resies. Ariane, nog uitgeput van die Grand Raid, het besluit om die kort roete te doen slegs as oefening, terwyl 12de vir my beskore was.

Die beste was vir ons gelos tot laaste! Die Skaidi Xtreme is in Noorweë, so ver noord in Europa soos mens kan gaan en 15000km van ons Stellenbosch-tuiste! Ons het 'n uitnodiging gekry van die organiseerder en nie vir 'n oomblik terug gekry nie! Terwyl ons gedink het ons is eintlik daar vir die wedren self, is dit vir die ongelooflike gasvrye mense van die noorde baie meer belangrik dat ons die ervaring, die kos, die kultuur en die natuur

geniet, met hulle saamgestelde pakket kry hulle dit perfek reg. Dit het uitgedraai in een van my beste lewens-ervarings ooit en ons was effe hartseer om nuwe vriende en dit alles agter te laat! **FS**



RECM se **Erik Klein hans** is een van Suid-Afrika se gewildste bergfietsjaers. Hy het sy vrou, Switserse marathonkampioen, Ariane, diep in die

Kammanassieberge op die 2010 Cape Pioneer Trek ontmoet. Hy het vanjaar die Meerendal-Songo-Specialized span van Christoph Sauser en František Raboň in die Cape Epic ondersteun saam met Nico Bell. Volg hom op Twitter by @erikklein hans of besoek sy webberf: www.klein hansmuesli.com.

Scan the QR code to read this article in english



MARTIN PLATTER
FRANK RUNE ISAKSEN

